Die Burger, 5 Januarie 1983

'Konserwatiewe' sinodegangers verwerp dié aantygings

DS. DAVID PEPLER, Sewende Laan 39, Bellville, skryf:

Dit was skokkend om te lees van sekere stellinge wat prof. W. Jonker van die Stellenbosse Kweekskool in die tydskrif *Leadership SA* oor die Algemene Sinode van die NG Kerk gemaak het (Konserwatisme in NG Kerk 'is opportunisme' – DB, 4 Januarie). Graag wil ek slegs op die volgende reageer: "Die konserwatisme onder lede van die NG Kerk is hoofsaaklik politiek geïnspireerd en van 'n opportunistiese aard."

KWADE DAG

Watter reg het prof. Jonker om so 'n verskriklike oordeel oor mede-sinodegangers te vel? Volgens HAT is opportunisme die "Gesindheid wat sonder vaste beginsels alleen met omstandighede rekening hou, wat altyd daarop uit is om voordeel te trek uit gunstige geleenthede".

Dit is voorwaar 'n kwade dag as predikante mekaar se goeie trou bevraagteken en mekaar van hierdie soort bedenklike gesindhede beskuldig. Op hierdie manier kan ons Kerk nie sy dure roeping in ons land volbring nie.

Namens baie "konserwatiewe" sinodegangers verwerp ek hierdie aantygings ten sterkste en wil prof. Jonker verseker dat ons ook voor die gesag van die Woord buig en dat ons standpunte inneem op grond van beginsels waarin ons vas glo en nie vanweë "politieke inspirasie" en opportunisme nie. Trouens, die vraag kan gestel word

PROF. JONKER

of die liberaliste in die Kerk nie ook vanuit bepaalde politieke sieninge gemotiveer word nie?

'n Mens is nou al moeg vir die insinuasies dat slegs verligtes en liberale die Bybel en teologiese argumente aan hul kant het en dat behoudendes en konserwatiewe geen Skriftuurlike gronde het nie en net "tradisionele standpunte" handhaaf.

VERONTRUSTEND

Ons lidmate sou graag wou verneem watter "ernstige besluite" die Sinode dan nie geneem het nie en watter besluite die Sinode dan wel, volgens prof. Jonker, moes geneem het?

Ek wil graag in die algemeen meld dat die stroom van kritiek en "teologiese druk" waaraan ons Kerk nou ná die Sinode onderwerp word, uiters verontrustend is. Voor die sinodesitting is ernstig voorbidding gedoen vir die leiding van die Heilige Gees. Op Sondag, 3 Oktober, is 'n spesiale biddag met die oog op die Sinode gehou. Klaarblyklik is almal nou nie tevrede met die leiding van die Heilige Gees nie! Die vermoede bestaan egter dat indien dié "ernstige besluite", waarna prof. Jonker verwys, wel geneem is, dan sou dit seker uit die ontevrede kringe bestempel gewees het as die leiding van die Heilige Gees?

Ek wil pleit vir groter verdraagsaamheid, begrip en respek vir mekaar se oortuigings en dat ons mekaar se goeie trou sal aanvaar.